

Voorwaardelikheid in studentetekste: 'n Korpusgebaseerde analise

Zanette Meintjes 

Fakulteit Geesteswetenskappe, Skool vir Tale (Akademiese Geletterdheid), Noordwes-Universiteit,
Potchefstroom, Suid-Afrika
E-pos: Zanette.Meintjes@nwu.ac.za

Opsomming

Tydens universiteitstudie word daar van studente verwag om hoofsaaklik deur middel van geskrewe tekste met die akademiese diskoersgemeenskap te kommunikeer. Hoewel studente in staat moet wees om verskeie akademiese tekste vir die uitruiling van inligting te kan produseer, is die mees algemene teks wat van alle studente verwag word om te kan skryf, die akademiese argument. Sodanige argument bestaan uit 'n bepaalde struktuur, en die konseptuele ontwikkeling daarvan word gekenmerk deur die skep van koherensie tussen die verskillende komponente waaruit hierdie tekstipe bestaan. Derhalwe moet studente oor die vermoë beskik om die leser op 'n doelbewuste wyse deur die argument te lei. Hierdie begeleiding vind onder andere plaas deur gebruik te maak van woorde en frases wat die taak van konjunksies verrig. Hieronder resorteer onder andere voorwaardelikheid wat gebruik word om die hipotetiese of potensiële aard van sake uit te druk. Woorde en frases wat die funksie van voorwaardelikheid vervul, is niefeitelik van aard, aangesien die skrywer die doel het om 'n verband tussen 'n spesifieke situasie en sy of haar opinie oor die wenslikheid of onwenslikheid van die betrokke situasie te vestig. Alhoewel die wyse waarop voorwaardelikheid in studentetekste gebruik word reeds in ander tale geëvalueer is, is die uitsluitlike doel van hierdie artikel om die gebruik daarvan spesifiek na te gaan in die argumentatiewe tekste wat deur Afrikaanssprekende eerstejaarstudente geproduseer is. Die doel hiervan is om insig te verkry in die tipe voorwaardelike aanduiders wat gebruik word, sowel as die verspreiding en wyse van die gebruik daarvan. Verder wil die outeur ook bepaal hoe hierdie gebruik bydra tot die algehele koherensie van hierdie argumente. Daarbenewens is die doel ook om enige ander tekortkominge in die gebruik van voorwaardelikheid te identifiseer, en om spesifieke voorstelle te maak oor vaardighedsontwikkeling in hierdie verband.

Sleutelwoorde: Akademiese argument; koherensie; konjunksie; modale hulpwerkwoorde; voorwaardelikheid; voorwaardelikheidsmerkers; voorwaardelikheidsaanduiders; Afrikaanssprekende eerstejaarstudente; korpusgebaseerde analise.

Abstract

During university studies, students are expected to primarily communicate with the academic discourse community by means of written texts. Although students must be able to produce various academic texts for this communication, the most common text that each student should have the skill to write, is the academic argument. Such an argument consists of a specific

structure and is largely determined by creating coherence between the various components that make up this structure. Therefore, students must have the ability to guide the reader through the argument in an explicit manner. This guidance takes place, among other things, by using words and phrases that fulfil a conjunctive function. Conditionality is used to express the hypothetical or potential nature of certain matters. Words and phrases that have the function of conditionality are therefore non-factual in nature, since the author intends to create a link between a specific situation and their opinion on the desirability or undesirability of that situation in an explicit manner to the reader. Although the way in which conditionality in languages other than Afrikaans has been evaluated in student texts, the main objective of this article is to specifically evaluate its usage in the written argumentative texts of Afrikaans-speaking first-year students. The aim is to gain a better understanding of the type of conditionality words and phrases used, their occurrence and use, as well as determining how this use contributes to the overall coherence of these arguments. In addition, the aim is also to identify any other shortcomings in the use of conditionality, and to make specific recommendations regarding skills development in this regard.

Keywords: Academic argument; coherence; conjunction; modal auxiliary verbs; conditionality; conditionality markers/-indicators; Afrikaans-speaking first-year students; corpus-based analysis.

1. Inleiding

Geskrewe akademiese diskoers word beskou as die primêre wyse van kommunikasie binne 'n universiteitskonteks; dit is 'n ingewikkelde en uitdagende proses wat ook as parameter dien van akademiese sukses (Manzi, Flotts en Preiss 2012; Singh 2015; Nasser 2019; Ahmed 2019; Dewi & Ayunisa 2020; Kuiken & Vedder, 2021; Kleemola, Hyytinen en Toom 2023; Meintjes 2023). Daar word geredelik van alle studente verwag om bepaalde akademiese temas op 'n koherente wyse te beredeneer, ten einde hulle akademiese taalbevoegdheid, retoriese vaardigheid en akademiese vordering te demonstreer (McEnery & Kifle 2002; Van Dyk, Zybrands, Cillie en Coetzee 2009; Meintjes 2015; Mohamed 2016; Rapanta & Macagno 2019; Ghanbari & Salari 2022). Daarom is dit noodsaaklik dat studente die komponente waaruit 'n geskrewe akademiese argument bestaan, ken, en die vermoë besit om die inhoud van sodanige argument op 'n koherente wyse te verbind deur gebruik te maak van toepaslike konjunktiewe woorde en frases (Lee 2002: 139-140; Meintjes, 2015: 102; Mohamed, 2016: 1-2; Shamalat en Ghani 2020: 298; Mohamed, 2016: 1-2; Meintjes, 2015: 102; Lee, 2002: 139-140). Koherensie word volgens Meintjes (2015: 91) sedert die sestigerjare op verskeie wyses in die literatuur gedefinieer. In hierdie verband word opsommenderwys gestel:

Sommige navorsers beskou koherensie as 'n aspek wat binne die teks geleë is, omdat dit volgens hulle op 'n eksplisiete wyse deur middel van bepaalde woorde en frases bewerkstellig word. Ander is weer van mening dat koherensie verband hou met kennis wat buite die teks geleë is, en dus implisiet bewerkstellig word. Daar is ook navorsers wat koherensie sien as 'n aspek wat binne (eksplisiet) die teks, sowel as buite (implisiet) die teks geleë is.

Meintjes (2015: 91)

Aangesien hierdie artikel spesifiek fokus op die geskrewe akademiese argument, word daar van die standpunt uitgegaan dat koherensie gedefinieer kan word as:

die doelbewuste, en eksplisiete gebruik van argumentatiewe konjunksie-aanduiders (grammatikale en leksikale kohesie) oor al drie die dele van 'n argument (die inleiding, bespreking en slot), ten einde koherensieverhoudinge tussen al die komponente daarvan (stelling/gevolgtrekking, data, waarborg, ondersteuning, weerlegging en kwalifisering) tot stand te bring, en sodoende teksinterpretasie te bewerkstellig.

Meintjes (2015: 102)

Verskeie kategorieë van konjunktiewe woorde en frases kan bydra tot die koherente binding in geskrewe argumente ten einde teksinterpretasie moontlik te maak (Meintjes 2015, Meintjes, 2016). Een van hierdie kategorieë behels onder andere die gebruik van voorwaardelikheid. Die woorde en frases wat onder hierdie kategorie val, word spesifiek in geskrewe argumente gebruik om die hipotetiese aard van sekere sake uit te druk. Dit vestig 'n verhouding tussen 'n spesifieke omstandigheid en die persoonlike siening van die skrywer oor die aanvaarbaarheid of onaanvaarbaarheid van uiteenlopende toestande, gebaseer op die spesifieke konteks en omstandighede. Die een situasie word dus beïnvloed deur die volgende gebeurtenis (Meintjes 2015:117, 2016: 92). Warchał (2010: 146) noem ook dat voorwaardelikheid primêr gebruik word om bepaalde verbande tussen verskillende tekssegmente te vestig en die lesers bewus te maak van hierdie verband. Puente Castelo (2017: 72) stel dat dit daarop neerkom dat voorwaardelikheid oorsaaklike verbande tussen twee stellings bewerkstellig, waarby 'n opsionele oordeel oor die waarskynlikheid daarvan ingesluit kan word.

Reuneker (2022: 4), Shafqat, Saqlain en Amir (2021: 243) en Thomas (2022: 21) beklemtoon ook dat voorwaardelikheid gebruik word om aan te dui dat gebeurtenisse, binne 'n bepaalde situasie, afhanklik van mekaar is. Reuneker (2022: 4) voeg ook daaraan toe, soos ook gestel deur Meintjes (2015: 117, 2016: 92), dat die eerste situasie dikwels hipoteties van aard is, terwyl die tweede situasie die gevolg is van die nakoming van die voorwaarde wat aan die betrokke situasie gekoppel word. Castello en Monaco (2013:162) argumenteer, soos die voorgenoemde navorsers, dat voorwaardelikheid 'n belangrike argumenterende middel in wetenskaplike skryfwerk is, aangesien dit semantiese én pragmatiese verbande tussen aannames en gevolgtrekkings tot stand bring. Verder wys hulle daarop dat voorwaardelikheid onder andere ook 'n interpersoonlike funksie vervul, omdat dit verband hou met konsensussoekende retoriek, met ander woorde die behoefte en bereiking van eensgesindheid. Die siening dat voorwaardelikheid primêr as 'n redeneringsmiddel beskou word, beteken dat dit gebruik word om verskillende uitgangspunte te verbind en spesifieke gevolgtrekkings te probeer maak (Castello & Monaco 2013: 162; Reuneker 2022: 4). Hierdie uitgangspunte is, soos reeds genoem, niefeitelik van aard, aangesien dit slegs 'n moontlikheid en nie 'n besliste gebeurtenis uitdruk nie. Dit behels slegs die spreker, of dan nou in hierdie geval die skrywer, se persoonlike opinie of beoordeling van die feitelike status van die proposisie. Sekere voorwaardelike gegewens moet dus eers realiseer alvorens die situasie “werklik”, met ander woorde geldig en feitlik kan wees (Erasmus 2019: 138,142; Lastres-Lopez 2019: 71).

In sy seminale werk oor die Afrikaanse sintaksis, toon Ponelis (1979: 248) aan dat modale hulpwerkwoorde in sinne gebruik word om niefeitelikhede soos moontlikheid, waarskynlikheid, noodsaaklikheid en verpligting uit te druk. Van Rooy (2017: 280) beklemtoon

dat die mees algemene modale hulpwerkwoorde *kan, kon, mag, moet, moes, wil, wou, sal* en *sou* is. Hy sê verder dat hierdie modale hulpwerkwoorde dikwels saam met woorde en frases met 'n voorwaardelike funksie gebruik word, en spesifieke betekenis binne sinne aanneem (Van Rooy 2017: 280). Daar bestaan drie betekeniskonstruksies, naamlik epistemiese, deontiese en dinamiese betekenis (Van Rooy 2017: 280; Sujatna 2019: 168; Haq & Mahdi 2020: 51; Wierenga 2023: 30-33). Die voorgenoemde skrywers verduidelik dat epistemiese betekenis op die graad van waarskynlikheid of sekerheid wat 'n persoon oor sekere gebeure het, fokus, en word geassosieer met die begrip van toestemming, moontlikheid en vermoë wat deur die modale hulpwerkwoorde *kan, kon* en *mag* uitgedruk word. Deontiese betekenis verwys na die nakoming van verpligtinge of noodsaaklikhede, en sluit voorspelling en wense in, wat aangedui word deur die modale hulpwerkwoorde *wil, wou, sal* en *sou*. Dinamiese betekenis dui op die potensiële of inherente vermoëns van 'n persoon om sekere aksies uit te voer, en behels die modale hulpwerkwoorde *moet* en *moes*, wat verband hou met verpligting en noodsaaklikheid.

Voorbeelde wat die betekeniskonstruksies van hierdie modale hulpwerkwoorde illustreer, word vervolgens verskaf.

Epistemies

- (1) Dit **kan** wees dat die student nie al die riglyne vir die skryf van die opdrag verstaan het nie. (moontlikheid)

Deonties

- (2) Jy **moet** eers die riglyne bestudeer, voor jy met die skryfopdrag begin. (verpligting)

Dinamies

- (3) Die student **moes** die riglyne vir die skryfopdrag lees én dit begryp. (vermoë)

Die posisie van voorwaardelikheid in 'n sin kan aan die begin, in die middel of aan die einde daarvan voorkom (Hasselgård 2016: 97). Verder kan dit ook in die inleidende gedeelte, die kern van die argument, of die afsluitende gedeelte van die argument gebruik word (Meintjes 2015: 91). Volgens Hasselgård (2016: 97) word voorwaardelike sinne hoofsaaklik gevorm deur 'n hoofsin en 'n subordinasie ('n ondergeskikte sin) wat met 'n konjunksieaanduiding verbind word. Bhatt en Pancheva (2017: 3) en Nur (2017: 36) wys daarop dat die ondergeskiktheid van voorwaardelikheid uit bywoordelike bysinne bestaan wat verskillende elemente insluit, soos bywoorde van tyd (verlede, hede en toekoms), oorsaak en toegewing. Wat die sintaktiese posisie van modale hulpwerkwoorde betref, sê Van Rooy (2017: 280) dat hierdie werkwoorde in die spilposisie voorkom, gevolg deur die hoofwerkwoord wat aan die einde van die sin staan. Die hoofwerkwoord neem dan ook die infinitiefvorm aan. Verder wys Van Rooy (2017: 281) daarop dat die modale hulpwerkwoord ook met 'n werkwoordgroep in die verledetydsvorm gekombineer kan word, maar dat die modale hulpwerkwoord steeds in die spilposisie bly, gevolg deur die hoofwerkwoord en die hulpwerkwoord *het* wat aan die einde staan. Indien meer as een modale hulpwerkwoord in 'n sin gebruik word, word een altyd in die hoofposisie geplaas, terwyl die ander een aan die einde van die sin geplaas word, net voor die hoofwerkwoord (Van Rooy 2017: 281).

Enkele voorbeelde om die bespreekte posisies te illustreer word hieronder gegee.

- Voorwaardelike posisie aan die begin:
- (4) **Indien** studente nougeset hulle klas bywoon, sal hulle goeie akademiese skryfwerk lewer.

- Voorwaardelike posisie in die middel:
- (5) Studente kan sukses behaal in akademiese skryfwerk, **mits** hulle al die voorsiene riglyne volg.

- Voorwaardelike posisie aan die einde:
- (6) Vir studente om goeie akademiese skryfwerk te lewer is dit noodsaaklik **dat alle klasse bygewoon word**.

- Hoofsin en 'n ondergeskikte sin:
- (7) Die dosent het aangedui dat 'n diepgaande analise van die tema, wat deur die studente in hul navorsing gedoen moet word, die grondslag vorm vir 'n suksesvolle akademiese skryfwerk.

Hoofsin: **Die dosent het aangedui dat 'n diepgaande analise van tema die grondslag vorm vir 'n suksesvolle akademiese skryfwerk.**

Ondergeskikte sin: **wat deur die studente in hul navorsing gedoen moet word.**

Die ondergeskiktheid van voorwaardelikheid wat uit bywoordelike bysinne bestaan wat verskillende elemente insluit:

- Bywoorde van tyd:
- (8) a. **Alhoewel die studente die vorige aand tot laat aan hul skryfopdrag gewerk het**, kon hulle steeds nie al die vereistes voltooi nie. (verlede)
- b. **Namate die semester vorder**, verbeter die studente se vaardighede in akademiese skryfwerk aansienlik. (hede)
- c. **Wanneer die studente volgende maand hul finale skryfopdrag indien**, sal hulle die vrugte van hul harde werk pluk. (toekoms)

Bywoorde van oorsaak:

- d. **Aangesien die dosent duidelike riglyne verskaf het**, kon die studente hul opdragte effektief voltooi.

Bywoorde van toegewing:

- e. **Selfs al was die onderwerp van die opstel uitdagend**, het die studente uitstekende skryfwerk gelewer.

- 'n Modale hulpwerkwoord in die spilposisie, gevolg deur die hoofwerkwoord:
- (9) Studente **moet** hul idees duidelik **organiseer** om suksesvol te wees in hul akademiese skryfwerk.

'n Sin waar die modale hulpwerkwoord ook met 'n werkwoordgroep in die verledetydsvorm gekombineer word:

- (10) Selfs al het die studente goeie bronne gehad, **kon** hulle dit in meer diepte **bestudeer** **het**.

'n Modale hulpwerkwoord in die hoofposisie en een aan die einde van die sin:

- (11) Die studente **sal** hulle skryfopdragte betyds **ingedien kan hê**.

Die bespreekte struktureringsproses van voorwaardelikheid in akademiese tekste is tot dusver hoofsaaklik gerig op Engelse wetenskaplike tekste, tekste van Engelse hoërskoolleerders, Nederlandse, Engelse, Franse, Noorse, Chinese, Koreaanse en Persiese studente, asook navorsingsartikels (vgl. Vold 2006; Warchał 2010; Puente Castelo & Monaco 2013; Hsu, Wang & Hu 2015; Hasselgård 2016; Mohamed 2016; Rillo & Alieto 2018; Shafqat et al. 2021; Reuneker 2022). Daar is tot op hede min navorsing in Afrikaans oor hierdie onderwerp gedoen. Die studies wat wel beskikbaar is waar voorwaardelikheid ter sprake kom, word vervolgens kortliks bespreek.

Messerschmidt (2009) het in haar ondersoek gebruik gemaak van internetdokumente om hipotaktiese verbindings¹ met die woord *wanneer* te bestudeer. Messerschmidt en Messerschmidt (2011) se navorsing behels die studie van basiese voorwaardelike konstruksies deur die woord *indien* in wetenskaplike tydskrifte te analiseer. In hulle opvolgartikel (Messerschmidt & Messerschmidt 2012) fokus hulle spesifiek op gemerkte voorwaardelike konstruksies met die woord *indien* in wetenskaplike tydskrifte.

Jordaan (2014) het ondersoek ingestel na die frekwensie en funksionele gepastheid van metadiskoers in Afrikaans-T1-eerstejaarstudente se akademiese tekste. Meintjes (2015) analiseer die koherensie van geskrewe akademiese argumente van Afrikaanssprekende eerstejaarstudente. Taljard (2015) beoog met haar ondersoek om eerstejaarstudente bewus te maak van bepaalde algemene akademiese skryfstandaarde wat hulle kan toepas in hul eie skryfwerk, veral in die konteks van akademiese argumentasie.

Jordaan (2016) herkategoriseer en brei Afrikaanse verbandsaanduiders uit. Die doel hiervan is om dit te gebruik in die onderrig van akademiese skryfvaardighede aan Afrikaanse studente. Meintjes (2016) stel 'n Afrikaanse indeling van konjunksieaanduiders voor wat as handleiding vir studente kan dien wanneer hulle akademiese argumente moet skryf. Fouche, Van den Berg en Olivier (2017) stel 'n aangepaste weergawe van Carstens (1997) se raamwerk van konjunksieaanduiders voor, deur dit met verdere voorbeeldkonjunksieaanduiders aan te vul, en maak ook bepaalde aanpassings ten opsigte van verskuiwings en integrasie van kategorieë in Carstens (1997) se raamwerk. Erasmus (2019) het 'n uitgebreide studie onderneem om die leemte in kennis oor modaliteit in Afrikaans te ondersoek.

Alhoewel voorwaardelikheid in al hierdie studies aan bod kom, is dit nie die primêre fokus daarvan nie. Daar bestaan dus 'n leemte in die Afrikaanse literatuur oor hierdie onderwerp en meer gefokusde navorsing verdien aandag. Derhalwe is die primêre doel van hierdie artikel om

¹ Hipotaktiese verbindings behels die gebruik van onderskikkende voegwoorde om komplekse sinne te vorm. Hierdie voegwoorde verbind 'n hoofsin met 'n bysin, wat 'n hiërargie van idees skep waar die bysin afhanklik is van die hoofsin vir betekenis. Bysinne verskaf ekstra inligting oor die hoofsin, soos redes, voorwaardes, of tyd. Voorbeelde van sodanige voegwoorde sluit in *omdat*, *of*, *alvorens* en *alhoewel* (vgl. Bosman & Otto 2012: 76).

spesifiek te fokus op die strukturering van voorwaardelikheid in die geskrewe akademiese tekste van Afrikaanssprekende eerstejaarstudente. Die sekondêre doelwitte van hierdie ondersoek behels:

1. die tipe voorwaardelikeheidsaanduiders wat gebruik word en die toepaslikheid daarvan;
2. die voorkoms en verspreiding van hierdie aanduiders in die aanvang, die besprekingsdeel, en die afsluiting van die tekste;
3. die sintaktiese posisie, konstruksiepatrone en die semantiese onderskeidings daarvan; en
4. of daar enige ander tekortkominge of leemtes na vore kom wat bykomende aandag verdien.

2. Metodologie

2.1 Raamwerk vir analise

Vir hierdie ondersoek is 20 Afrikaanse woorde en frases geïdentifiseer. Alle moontlike verbuigings daarvan wat ook 'n voorwaardelikeheidsfunksie kan vervul, is ingesluit. Hierdie woorde en frases is afkomstig uit Afrikaanse en Engelse literatuur. Die akkuraatheid en relevansie van die Afrikaanse weergawes vir woorde uit die Engelse literatuur is verseker deur van verskeie betroubare woordeboeke, woordelyste en vertalingsbronne gebruik te maak. Ten einde die saturasie van die raamwerk te verseker, is daar ook 'n handanalise van 100 studentetekste uitgevoer. Hierna kon die korpusgebaseerde analise geloods word.

Die woorde en frases wat vir die raamwerk van analise geïdentifiseer is, word in Tabel 1 voorgestel.

Tabel 1. Voorwaardelikeheidsaanduiders

alvorens	indien
anders	met die dat
andersins	met dien verstande
as	mits
behalwe as	op die voorwaarde dat
dan	op voorwaarde dat
in daardie geval	solank
in die geval	tensy
in geval van	voordat
in hierdie geval	wanneer

2.2 Die korpus

Die korpus wat vir hierdie ondersoek gebruik is, bestaan uit 'n elektroniese versameling van argumentatiewe tekste wat deur Afrikaanssprekende eerstejaarstudente geproduseer is. Hierdie korpus bestaan in totaliteit uit 437 580 woorde, saamgestel uit 731 skryfstukke wat elk tussen vyfhonderd en sewehonderd woorde bevat. Al die studente wat betrokke was by die skryf van die tekste was ingeskryf vir die verpligte module in akademiese geletterdheid. Die doel van

hierdie module behels hoofsaaklik om studente se vermoë verder te ontwikkel in die begrip, interpretasie en produsering van akademiese tekste binne 'n universiteitsomgewing.

Deelname aan die ondersoek was nie verpligtend nie, en het ook anoniem plaasgevind. Die studente het ingeligte toestemming daartoe verleen. Die deelnemende studente is die geleentheid gebied om op enige tydstip hulle tekste te onttrek indien hulle nie wou voortgaan met deelname aan die ondersoek nie.

3. Data-analise

Die data-analise bestaan uit drie dele. Eerstens is daar gebruik gemaak van die korpusgebaseerde variant van korpuslinguistiek waar digitale programmatuur aangewend word om inligting te onttrek, bepaalde fenomene te kwantifiseer en verduidelikende voorbeelde te verskaf (Storjohann 2005: 9). WordSmith Tools 0.5 se konkordansiefunksie is gebruik om die korpus tekste te ontleed en die woorde en frases te klassifiseer volgens gebruiksfrekwensie, gebruikswyse, en doel. Hierdeur was dit moontlik om woorde en frases wat ander funksies as slegs voorwaardelikheid vervul, uit te sluit. Die voorgenoemde word uiteengesit in Tabel 2.

Tabel 2. Voorkoms en gebruik van voorwaardelikeaanduiders in die korpus tekste

Aanduiders	Frekwensie	Funksie	Voorbeelde van sinne waar aanduiders nie voorwaardelikheid uitdruk nie, en nie by die analise betrek is nie. ²
alvorens	3	Voorwaardelike funksie	
anders	129	Indien <i>anders</i> gebruik word om plek aan te dui of wanneer dit gebruik word om 'n entiteit of proses deur vergelyking aan te dui, is dit nie in die ontleding ingesluit nie.	<u>Nêrens</u> anders kan jy daai tipe rente op geld verdien nie, met in agneming van die hoeveel tyd en energie wat jy in daai belegging sit. Wat maak <u>vandag</u> anders as vyftig jaar gelede?
andersins	8	Voorwaardelike funksie	
as	3927 ³	In gevalle waar <i>as</i> 'n tyd of hoedanigheid aandui, is dit nie by die ontleding ingesluit nie.	Of hulle maak die kamer deur toe en is so skaars soos hoendertande, want hulle kom net uit die kamer as <u>hulle kos kom eet</u> . <u>Jy as ouer</u> word kwaad as jou kind sit en mxit in jou geselskap.
behalwe as	0	<i>Behalwe as</i> is nie gebruik nie.	

² Neem kennis: Alle voorbeeldsinne wat uit die korpus in hierdie artikel gebruik word, word sonder enige aanpassings voorgehou. Om sekere verbande te beklemtoon, kom vetdruk en/of onderstreping wel voor.

³ Sien Tabel 3 vir die steekproefneming van *as* vir ontledingsdoeleindes.

dan	966 ⁴	Indien <i>dan</i> gebruik word om tyd aan te dui (byvoorbeeld <i>en dan het ek na die winkel gegaan</i>) of vir aaneenskakeling (byvoorbeeld <i>appels en dan pere</i>), is dit nie in die ontleding ingesluit nie.	Mense gaan nie eers meer na 'n supermark om inkopies te doen nie, hulle bestel sommer alles wat hulle wil hê deur die internet <u>en dan word dit by hulle huise afgelewer</u> . Dit is glad nie goedkoop om sommer net so vinnig n huis te gaan koop nie. <u>Dan is dit nogals 'n ingewikeld en langdurige proses ook</u> .
in daardie geval	1	<i>In daardie geval</i> word hier gebruik om na 'n bepaalde toestand/situasie te verwys. Derhalwe is dit nie by die ontleding ingesluit nie.	
in die geval	46	<i>In die geval</i> kan ook gebruik word om na 'n bepaalde toestand/situasie te verwys. Slegs die frases wat voorwaardelik is, is by die ontleding ingesluit.	
in geval van	3	<i>In geval van</i> kan ook gebruik word om na 'n bepaalde toestand/situasie te verwys. Slegs die frases wat voorwaardelik is, is by die ontleding ingesluit.	
in hierdie geval	10	<i>In hierdie geval</i> kan ook gebruik word om na 'n bepaalde toestand/situasie te verwys. Slegs die frases wat voorwaardelik is, is by die ontleding ingesluit.	
indien	284	Wanneer <i>indien</i> gebruik word om tyd aan te dui of 'n werkwoordelike funksie verteenwoordig, is dit nie by die ontleding ingesluit nie.	Mediese fondse is 'n tipe versekering waar die fonds borg staan vir jou mediese risiko teen 'n premie, dus neem hulle die finansiële risiko oor <u>indien jy in 'n mediese ongeval beland</u> . Vir hierdie probleme is daar wel liggame soos die HSPCSA (Health Professions Council of South Africa) en CMS (Council for Medical Schemes) waarby lede van die publiek <u>klagtes kan indien oor probleme met mediese fondse en hospitale</u> .
met die dat	0	<i>Met die dat</i> is nie gebruik nie.	
met dien verstande	0	<i>Met dien verstande</i> is nie gebruik nie.	
mits	13	Voorwaardelike funksie.	
op die voorwaarde dat	0	<i>Op die voorwaarde dat</i> is nie gebruik nie.	
op voorwaarde dat	3	Voorwaardelike funksie.	

⁴ Sien Tabel 3 vir die steekproefneming van *dan* vir ontledingsdoeleindes.

solank	26	In gevalle waar <i>solank</i> 'n tydsaanduidende funksie vervul binne 'n genoemde tyd, is dit nie by die ontleding ingesluit nie.	Ouma kan maar die slagding se afval solank in die oond sit en ons glo dit sal gaar wees met ons aankoms daar, na middag.
tensy	11	Voorwaardelike funksie.	
voordat	97	Indien <i>voordat</i> tyd of opeenvolging aandui, is dit nie by die ontleding ingesluit nie.	<u>Saans voordat ons sou ry</u> is die roete bestudeer en sekuur uitgewerk.
wanneer	513	As <i>wanneer</i> 'n tydsaanduidende funksie vervul, is dit nie by die ontleding ingesluit nie.	Wanneer ons die laaste dertig kilometer se kronkel stofpad, van Laiingsburg na Plathuis, deur die bossie-en klipkoppies van die Klein-Karoo <u>vat</u> , is dit Tannie Kitty, by Prinsrivier se kloof, wat eerste ons stofstreep in die leegte sien verbytrek.

Tweedens moes 'n steekproefneming van die woorde *as* en *dan* plaasvind, aangesien dit 'n uitermate hoë gebruik getoon het en 'n handmatige klassifikasie bemoeilik het. Die steekproefbenadering is slegs uitgevoer in die besprekings van die korpustekste waar hierdie woorde voorgekom het, aangesien die gebruiksfrekwensie hier die hoogste was. Nuwe konkordansies is geskep en gesorteer deur gebruik te maak van WordSmith Tools 0.5 se Word#-funksie. Die totale aantal voorbeelde vir die steekproef is bepaal deur elke honderdste konkordansiereël. Die Randbetween-funksie in Excel is gebruik om 'n ewekansige getal te kies. Hierna is die data verminder deur te begin by die ewekansige getal in die konkordansiereëls, sodat slegs die oorblywende voorbeelde geklassifiseer kon word. In Tabel 3 word die getalle vir hierdie steekproefanalise aangedui.

Tabel 3. Steekproefneming van *as* en *dan* vir ontledingsdoeleindes

Woord	Totaal	Excel-beginpunt	Ewekansige getal	Totaal vir klassifisering in die besprekingsgedeelte
as	3093	25	30	103
dan	829	5	8	104

Laastens is die verspreiding van voorwaardelikeheidsaanduiders in die inleiding, besprekingsgedeelte en die slot nagegaan. Dit word gedoen om insig te verkry in die algemene gebruik van hierdie aanduiders. Hierdie verspreiding word vervolgens in Tabel 4 aangetoon.

Tabel 4. Die verspreiding van voorwaardelikeheidsaanduiders

	Inleiding		Besprekingsgedeelte		Slot		Totaal
Voorwaadelikeheidsaanduiders	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	
Voorkoms	100	11	597	64	229	25	926

4. Kwalitatiewe interpretasie van die kwantitatiewe analise

Voorwaardelikeheidsaanduiders is in totaal 926 keer gebruik in die korpustekste. Hiervan het 11% in die inleidings voorgekom, 64% in die besprekings, en 25% in die slotgedeeltes. Hierdie aanduiders is ook gebruik in ooreenstemming met die funksie wat hulle vervul.

Dit is duidelik dat voorwaardelikheidsaanduiders nie eweredig oor die verskillende dele van die tekste versprei is nie, en hierdie verskille is betekenisvol omdat dit die spesifieke funksies van hierdie aanduiders in elke deel van die opstel beklemtoon. In die inleidings word voorwaardelikheidsaanduiders min gebruik, aangesien dit hier die konteks en raamwerk van die argument stel wat die leser voorberei op die hoofargument wat gaan volg. In die besprekingsgedeeltes, waar die aanduiders 'n hoë voorkoms het, dui dit daarop dat dit dikwels gebruik word om verskeie moontlikhede en voorwaardes te verken, wat die argument se diepte en omvang versterk. In die slotgedeeltes word dit weer minder gebruik omdat dit in hierdie gedeelte die bestaande argumente afsluit en die gevolgtrekkings beklemtoon.

Die aanwending van voorwaardelikheidsaanduiders in die aanvang van 'n teks het, soos reeds genoem, die bedoeling om spesifieke beginpunte te skep wat as 'n grondslag dien vir die daaropvolgende beredenering. Hierdie aanduiders help om verbande te vestig tussen vorige gebeurtenisse, hul gevolge en die wenslikheid of onwenslikheid daarvan in die betrokke situasie. Hieronder volg voorbeelde (12-16) van teksgedeeltes waar voorwaardelikheidsaanduiders op die genoemde manier gebruik is:

- (12) **Indien** Afrikaanse mense lojaal was aan hulle taal, sou die vermenging van Afrikaans met ander tale nie voorgekom het nie.
- (13) **Indien** uitbranding nie vroegtydig gediagnoseer en behandel word nie, kan dit 'n ernstiger toestand – depressie, tot gevolg hê wat dikwels as die “siekte van die eeu” bestempel word en die mens na siel, gees en liggaam kan aftakel.
- (14) **As** elkeen van ons 'n klein deeltjie in die land bydrae tot die verbetering van armoede en gebrek aan basiese dienste sal dit met ons land baie beter gaan, maar nie net met die land nie, maar ook met die mense in die land.
- (15) Is kommunikasietegnologie verantwoordelik vir die mens se antisosiale gedrag?
Voordat ons hierdie vraag kan bespreek moet ons eger eerstens vas stel wat antisosiaal en kommunikasietegnologie beteken.
- (16) Wat maak jou “nie lojaal” teenoor jou taal nie en wat lei daartoe dat mense voel Afrikaanse mense verrai hul taal? Hierdie aspekte moet eers in ag geneem word **voordat** enige verdere afleidings en besluite geneem kan word tot hierdie onderwerp.

Hierdie voorbeelde illustreer hoe voorwaardelikheidsaanduiders gebruik word om 'n oorsaak-en-gevolg-verhouding uit te druk en om moontlike scenario's of uitkomstes in die inleidende gedeeltes te bespreek. Die gegewe voorbeelde reflekteer dus die korrekte gebruik van die aanduiders *indien*, *voordat* en *as*.

Elke voorwaardelikheid skep hier 'n unieke konteks waarin die geldigheid of betekenis van die hoofsin gevind of verstaan moet word (vergelyk Messerschmidt & Messerschmidt 2011: 128-137). In voorbeeld (12), waar die aanduiders *indien* saam met die verlede tyd (*was*, *sou*, *voorgekom*, *het*) gebruik word, bring die skrywer die situasie in ooreenstemming en maak 'n gevolgtrekking gebaseer op wat in die verlede plaasgevind het. In voorbeeld (13), waar *indien* gekombineer word met die modale hulpwerkwoord *kan*, dui dit slegs op 'n moontlikheid van verwesenliking. Die skrywer maak dus 'n voorspelling. In voorbeeld (14), met die gebruik van

die aanduider *as* en die toekomstige hulpwerkwoord *sal*, is die bewering ook voorspellend, maar dit dui terselfdertyd op 'n aanbeveling en 'n oplossing. Hierdie skrywer keer die volgorde om, heel moontlik om die belangrikheid van die bogenoemde aspekte te benadruk.

In voorbeeld (15) gebruik die skrywer die aanduiders vir voorwaardelikheid *voordat* saam met die hulpwerkwoord *moet*, wat 'n duidelike voorskriftelike betekenis suggereer. Dit is interessant dat voorbeeld (16) ook 'n voorskriftelike betekenisfunksie het, maar die skrywer het nie soos die ander skrywers van die basiese konstruksiepatroon gebruik gemaak nie. Die voorwaarde word eers deur die hulpwerkwoord *moet* ingelei, gevolg deur die aanduider *voordat*. Hierdie skrywer het die volgorde omgekeer, moontlik om die belangrikheid van hierdie aspekte te onderstreep.

Studente heg grootskaalse waarde aan die gebruik van voorwaardelikeaanduiders in die besprekingsgedeeltes van hulle argumente. Soos reeds genoem is, het 64% van alle gebruikte aanduiders hier verskyn. Dit dui op die bewustheid van die skrywers oor die volledige ontplooiing van die argument in die besprekingsgedeelte. Gevolglik maak hulle in hierdie gedeelte meer gebruik van voorwaardelike verhoudings tussen verskeie sake. 'n Paar voorbeelde (17-21) van voorwaardelike aanduiders wat in die besprekings gebruik is, word hieronder verskaf:

- (17) Bymiddels en additiewe word volgens wet goedgekeur en groot hoeveelhede mag in voedsel gevoeg word, **mits** dit op die verpakking aangetoon word. Die produseerder van 'n produk moet volgens die nuwe etiketteringwet alle inligting rondom die produk op die verpakking plaas. Dit is die verbruiker se reg om te weet wat hulle eet.
- (18) Dit beteken dat dit vir die koper moontlik is om sy volle verbandkoste binne vier-en-twintig tot ses-en-dertig maande na die aankoop van die eiendom af te betaal, **op voorwaarde dat** die rentekoerse laag bly.
- (19) Om verder te verseker dat Suid-Afrikaanse produkte veilig is vir menslike gebruik, het die Europese Unie en Japan strengmaatreëls in 2005 begin toepas, en **indien** Suid-Afrikaanse voedsel nie aan die minimum vereistes voldoen nie, is invoere van Suid-Afrika verbied.
- (20) **As** jy weet dat jy allergies is vir neute as ook sensitief is vir preserveermiddels soos tartrasien berus dit uitsluitlik by jou om etikette deeglik na te gaan!
- (21) Alle voedselpersele word voorsien van n geskiktheidsertifikaat, **mits** die persele aan sekere strukturele standaarde en hiegiene voldoen.

In die slotgedeeltes van die argumente is daar gewoonlik min beroep gedoen op aanduiders van voorwaardelikheid. Skrywers wat wel daarvan gebruik gemaak het, het dit aangewend om 'n verband te skep tussen die stand van bepaalde aangeleenthede wat in die bespreking ter sprake gekom het, en dit wat as wenslik of onwenslik in die spesifieke omstandighede geag word. Hierdie aanduiders is gebruik om aanbevelings (voorbeeld 22 en 26), voorspellings (voorbeeld 23 en 24), of 'n voorskrif (voorbeeld 25) te formuleer.

- (22) **Indien** Afrikaanssprekendes hulle taal respekteer en poog om die erfenis daarvan te bewaar sal Afrikaans se status bevorder kan word.
- (23) **Indien** 'n mens 'n gebalanseerde lewe leef, sal uitbranding en depressie nie voorkom by hulle nie.
- (24) Die gebruik van kommunikasie tegnologie kan voordelig wees **mits** dit korrek bestuur word, **indien** nie sal die weegskaal uit balans wees wat lei tot mense wat geen kommuniksie vaardighede het nie en geïsoleerd lewe.
- (25) Afrikaans sal sy plek in die samelewing behou **mits** alle Afrikaanssprekendes die taal suiwer hou en lojaal oor die taal bly.
- (26) Verbruikers moet net deeglik bestudeer watter voordele die skemas het **voordat** hulle besluit op 'n mediese fonds.

Gegrono op die voorafgaande bespreking en die voorbeelde wat verskaf is, blyk dit dat van die skrywers nie alleen die vermoë besit om voorwaardelike aanduiders korrek te benut nie, maar ook in staat is om voorwaardelike konstruksies te formuleer met 'n verskeidenheid semantiese betekenisse, hetsy dit bewustelik of onbewustelik gedoen word. Die skrywers was in staat om die drie betekeniskonstruksies, te wete epistemiese, deontiese en dinamiese betekenisse, soos uiteengesit is in Afdeling 1 te gebruik, asook om die sintaktiese posisie van voorwaardelikheid, en die modale hulpwerkwoorde effektief toe te pas. Hierdie skrywers beskik oor sowel taalkundige as pragmatiese bevoegdheid, en was dus in staat om deur middel hiervan koherente argumente te formuleer.⁵

Alhoewel dit uit die ondersoek na vore gekom het dat Afrikaanssprekende eerstejaarstudente in staat is om voorwaardelikheid op 'n toepaslike wyse in hulle akademiese argumente te gebruik, is daar wel sekere aspekte wat na vore gekom het wat tydens onderrig in die skryf van akademiese argumente aandag verdien. Hierdie aspekte word vervolgens uiteengesit:

1. Die voorwaardelikheidsaanduiders *anders, as, dan, indien* en *wanneer* toon 'n hoë gebruiksfrekwensie. Hierdie aanduiders word op 'n geredelike wyse in die korpus deur die skrywers gebruik om op 'n subjektiewe wyse hul eie stem te laat geld deur klem te lê op hul persoonlike houding, opinie en oordeel. Hulle poog ook om deur die gebruik van hierdie aanduiders 'n mate van konsensus met die leser te bereik oor die betrokke saak.
2. Die aanduiders *alvorens, andersins, in daardie geval, in geval van, in hierdie geval, mits, op voorwaarde dat* en *tensy* toon 'n lae gebruiksfrekwensie, terwyl *behalwe as, met die dat, met dien verstande* en *op die voorwaarde dat* glad nie in die korpus tekste aanwesig is nie. Hierdie tendens kan 'n aanduiding wees daarvan dat die studente 'n beperkte bewustheid of kennis het van die volledige verskeidenheid voorwaardelikheidsaanduiders wat in Afrikaans bestaan.

⁵ Die bevindinge is afgelei deur 'n omvattende ontleding van die volledige korpus, wat die algemene tendense wat waargeneem is, weerspieël. Die voorbeelde in die artikel dien uitsluitlik as illustrasies om hierdie bevindinge te ondersteun en te verduidelik.

5. Slot en aanbevelings

In hierdie ondersoek is daar gepoog om om lig te werp op die verskillende woorde en frases wat in Afrikaans gebruik kan word om voorwaarde(s) mee uit te druk. Daar is ook ondersoek ingestel na die wyse waarop Afrikaanssprekende eerstejaarstudente van hierdie woorde en frases in hulle akademiese argumente gebruik maak. Die ondersoek het getoon dat Afrikaanssprekende studente oor die algemeen bedrewe is in die gebruik van voorwaardelikhedaanduiders. Alhoewel hulle vaardigheid in die gebruik van voorwaarde nie te kort skiet nie, is daar wel bepaalde aspekte uitgewys wat aandag verdien. Ten einde studente verder te bemagtig in die skryf van akademiese argumente, mag dit nuttig wees om by te staan om die interpersoonlike voorwaardelikhedaanduiders korrek te gebruik deur klem te lê op die aanvaarbare wyse waarop skrywerstem in akademiese tekste gebruik behoort te word. Verder is dit ook van belang om hulle woordeskat ten opsigte van voorwaardelikheid uit te brei, en hulle te help om 'n balans te handhaaf in die gebruik van die verskillende woorde en frases tussen die verskillende dele van die argument. Daar word aanbeveel dat drie van Simpson-Vlach en Leicher (2006: 275) se aktiwiteite (vgl. ook in hierdie verband Meintjes 2015) hiervoor met vrug aangewend kan word. Hierdie aktiwiteite behels identifikasie, lysing en sluitingsoefeninge. Tydens die identifikasieproses word studente aangemoedig om sekere woorde en/of frases wat die rol van voorwaardelikheid in 'n akademiese teks speel, te omring of te onderstreep. Lysing behels 'n proses waar studente alle woorde en/of frases wat 'n voorwaardelike funksie verrig in 'n bepaalde akademiese teks moet opspoor en 'n lys daarvan saamstel om vorentoe in hulle eie tekste te kan gebruik. In 'n sluitingsoefening is dit die verwagting dat studente woorde en/of frases wat voorwaardelike aanduiders is, op 'n korrekte wyse by gespesifiseerde plekke in 'n akademiese teks moet invoeg.

Bronnelys

- Ahmed, Paryshan H. 2019. Major writing challenges experienced by EFL learners in Soran University. *Journal of University of Human Development* (5)3: 120-126. <https://doi.org/10.21928/juhd.v5n3y2019.pp120-126>
- Bhatt, Rajesh & Roumyana Pancheva. 2017. Conditionals. In M. Everaert & H. van Riemsdijk (reds.). *The Wiley Blackwell Companion to Syntax*. 2de uitg., 638-687. Oxford: Blackwell. <https://doi.org/10.1002/9780470996591.ch16>
- Bosman, Nerina & Anna N. Otto. 2012. Die hantering van neweskikkers en onderskikkers in Afrikaanse woordeboeke. *Lexikos* 22: 69-85. <https://doi.org/10.5788/22-1-998>
- Dewi, Ratna Sari & Vira Ayunisa. 2020. The effect of using clustering technique on students' achievement in writing descriptive text. *English Teaching and Linguistics Journal* 1(2): 41-43. <https://doi.org/10.30596/etlij.v1i2.4897>
- Erasmus, Cecilia Johanna. 2019. Op soek na 'n omvattende tipologiese beskrywing van modaliteit: die Afrikaanse modale sisteem. PhD-proefskrif, Noordwes-Universiteit. <https://repository.nwu.ac.za/handle/10394/32306>

- Fouche, Nadine, Ria Van Den Berg & Jako Olivier. 2017. Carstens se raamwerk van Afrikaanse konjunksieaanduiders: 'n Akkurater en vollediger weergawe. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 57(3): 814-836. <https://doi.org/10.17159/2224-7912/2017/v57n3a10>
- Haq, Azka Saeful & Sutiono Mahdi. 2020. Investigating the use of modal auxiliary verbs in tempo editorial. *International Journal of English Linguistics, Literature, and Education*, 2(1): 49-56. <https://doi.org/10.32585/v2i1.671>
- Hasselgård, Hilde. 2016. Conditional clauses in novice academic English: A comparison of Norwegian learners and native speakers. *Nordic Journal of English Studies*, 15(2): 95-112. <https://doi.org/10.35360/njes.364>
- Hsu, Hsun-Ming, Yu-Fang Wang & Kai-Ming Hu. 2015. Direct and indirect conditionals: a corpus-based study of Chinese Yaoshi and Yaobushi in spoken and written discourse. *Taiwan Journal of Linguistics*, 13(2): 31-77. [https://doi.org/10.6519/TJL.2015.13\(2\).2](https://doi.org/10.6519/TJL.2015.13(2).2)
- Jordaan, Adèle. 2014. Die gebruik van metadiskoers in Afrikaans T1-skryfwerk van eerstejaaruniversiteitstudiante. MA-verhandeling, Noordwes-Universiteit. <https://repository.nwu.ac.za/handle/10394/10626>
- Jordaan, Adèle. 2016. Afrikaanse verbandsaanduiders: Uitbreiding en herkategorisering van voorbeeldwoorde. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 34(2): 147-167. <https://doi.org/10.2989/16073614.2016.1194217>
- Kleemola, Katri, Heidi Hyytinenen Auli Toom. 2023. Critical thinking and writing in transition to higher education in Finland: Do prior academic performance and socioeconomic background matter? *European Journal of Higher Education* 13(4): 488-508. <https://doi.org/10.1080/21568235.2022.2075417>
- Kuiken, Folkert & Ineke Vedder. 2021. The interplay between academic writing abilities of Dutch undergraduate students, a remedial writing programme, and academic achievement. *International Journal of Bilingual Education and Bilingualism* 24(10): 1474-1485. <https://doi.org/10.1080/13670050.2020.1726280>
- Lastres-Lopez, Cristina. 2019. Beyond conditionality: On the pragmaticalization of interpersonal if-constructions in English conversation. *Journal of Pragmatics* 157:68-83. <https://doi.org/10.1016/j.pragma.2019.12.011>
- Manzi, Jorge, Paulina Flotts & David D. Preiss. 2012. Design of a college-level test of written communication: Theoretical and Methodology challenges. In E.L. Grigonrengo, , E. Mambrino en D.D. Preiss (reds.). *Writing: A mosaic of New Perspectives*, 385-400. Hove East Sussex: Taylor and Francis.
- McEnery, Tony & Nazareth Amselom Kifle. 2002. Epistemic Modality in argumentative essays of second language writers. In John Flowerdew (red.). *Discourse: Applied Linguistics and Language Studies*, 182-195. New York: Taylor and Francis.

Meintjes, Zan  tte. 2015. Koherensie in die argumentatiewe skryfwerk van eerstejaarstudente:  n Teksgebaseerde ondersoek. PhD-proefskrif, Noordwes-Universiteit. <https://repository.nwu.ac.za/handle/10394/15415>

Meintjes, Zan  tte. 2016. Konjunksiemerkers:  n Indeling in Afrikaans vir die gebruik in geskrewe akademiese argumente op universiteit. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 23(1): 81-102.

Meintjes, Zan  tte. 2021.  n Ondersoek na die gebruik van die interpersoonlike metadiskoerskategorie van sekerheidsmerkers in die geskrewe argumente van Afrikaanssprekende eerstejaarstudente. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 28(2): 76-93.

Meintjes, Zan  tte. 2023. Verskansing: Die voorkoms en gebruik van beperkings- en weerhoudingsmerkers in studente se argumentatiewe tekste. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 63(1): 65-82. <https://doi.org/10.17159/2224-7912/2023/v63n1a4>

Messerschmidt, Johanna J.E. en Hans J. Messerschmidt. 2011. Voorwaardelike konstruksies met *indien* soos gebruik in wetenskaplike tydskrifte (Deel 1: basiese konstruksies). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 51(2): 124-141.

Messerschmidt, Johanna J.E. and Hans J. Messerschmidt. 2012. Voorwaardelike konstruksies met *indien* soos gebruik in wetenskaplike tydskrifte (deel 2: gemerkte konstruksies). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 52(2): 271-289.

Messerschmidt, Johanna J.E. 2009. Die gebruik van die voegwoord *wanneer* in bysinsinlywing. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 48(1): 23-40.

Mohamed, Nuruladilah. 2016. Use of conjunctions in argumentative essay by ESL undergraduates. *e-Academia Journal* 5(1): 1-13.

Nasser, Sura Muttalak. 2019. Iraqi EFL students' difficulties in writing composition: An experimental study (University of Baghdad). *International Journal of English Linguistics* 9(1): 178-184. <https://doi.org/10.5539/ijel.v9n1p178>

Nur, Frinadiniarta. 2017. Aspects of difficulty of conditional sentences in business negotiation. *Esensi* 20(1): 35-60.

Ponelis, Friedrich Albert. 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.

Puente Castelo, Luis Miguel. & Leida Maria Monaco. 2013. Conditionals and their functions in woman's scientific writing. *Procedia - Social and Behavioral Sciences* 95: 160-169. <https://doi.org/10.1016/j.sbspro.2013.10.635>

Puente-Castelo, Luis Miguel. 2017. On conditionality: A corpus-based study of conditional structures in Late Modern English scientific texts. PhD-proefskrif, Universiteit van Coru  a.

Rapanta, Chrysi & Fabrizio Macagno. 2019. Evaluation and promotion of argumentative reasoning among university students: The case of academic writing. *Revista Lusófona de Educação* 45: 125-142. <https://doi.org/10.24140/issn.1645-7250.rle45.09>

Reuneker, Alex. 2022. Connecting conditionals: A corpus-based approach to conditional constructions in Dutch. PhD-proefskrif, Universiteit Leiden. <https://hdl.handle.net/1887/3251082>

Shafqat, Asmara, Najeebus Saqlain & Khola Sara A Amir. 2021. Higher secondary ESL learners and English conditional sentences: An investigation of the efficacy of corpus-based instruction. *Asian EFL Journal Research Articles* 28(3): 235-253.

Shamalat, Rawhi Yousef Salman Al & Che An Binti Abdul Ghani. 2020. The effect of using conjunction as cohesive device on the undergraduates' quality of writing in argumentative essays of Jordanian EFL learners. *Arab World English Journal* 6: 290-301. <https://doi.org/10.24093/awej/call6.19>

Singh, Manjet Kaur Mehar. 2015. International graduate students' academic writing practices in Malaysia: Challenges and solutions. *Journal of International Students* 5(1): 12-22. <https://doi.org/10.32674/jis.v5i1.439>

Storjohann, Petra. 2005. Corpus-driven vs. corpus-based approach to the study of relational patterns. Published in: Proceedings of the Corpus Linguistics Conference, 2005, 1-20. Birmingham: University of Birmingham.

Sujatna, Meita Lukitawati, Eva Tuckyta Sari Sujatna & Kasno Pamungkas. 2019. Exploring the use of modal auxiliary verbs in Corpus of Contemporary of American English (COCA). *Sosiohumanior - Jurnal Ilmu-ilmu Sosial dan Humaniora* 21(2): 166-172. <https://doi.org/10.24198/sosiohumaniora.v21i2.19970>

Taljard, Marlies. 2015. Die onderrig van argumentvaardighede in 'n akademiese skryfkursus vir eerstejaars: 'n Beste praktyk-beskrywing. *Tydskrif vir Taalonderrig* 49(1): 255-279. <https://doi.org/10.4314/jlt.v49i1.10>

Van Dyk, Tobie, Helena Zybrands, Karlien Cillie & Marisca Coetzee. 2009. On being reflective practitioners: The evaluation of a writing module for first-year students in the Health Sciences. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies* 27(3): 333-344. <https://doi.org/10.2989/salals.2009.27.3.10.944>

Van Rooy, Bertus. 2017. Afrikaanse sintaksis, funksioneel benader. In W.A.M. Carstens & Nerina Bosman (reds.). *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde*. 2de uitg., 251-298. Pretoria: Van Schaik.

Vold, Eva Thue. 2006. Epistemic modality markers in research articles: A cross-linguistic and cross-disciplinary study. *International Journal of Applied Linguistics* 16(1): 61-87. <https://doi.org/10.1111/j.1473-4192.2006.00106.x>

Warchał, Krystyna. 2010. Moulding interpersonal relations through conditional clauses: Consensus-building strategies in written academic discourse. *Journal of English for Academic Purposes*, 9:140-150. <https://doi.org/10.1016/j.jeap.2010.02.002>

Wierenga, Roné. 2023. “Ek sal en jy gaan.” The interaction between the modal auxiliaries sal en gaan. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus* 66: 25-46. <https://doi.org/10.5842/66-1-906>